DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG
Mannekraggebou, Schoemanstraat 215

Privaatsak/Private Bag X117 218
Telefoon/Telephone 26-9711 x
Telegramadres/Telegraphic address: "MANNEKRAG" E.P.EHLERS
Navrae/Inquiries

Republiek van Suid-Afrika
Republic of South Africa

PRETORIA
0001

DEPARTMENT OF MANPOWER
Manpower Buildings, 215 Schoeman Street

VERWYS IN ALLE KORRESPONDENSIE NA
IN ALL CORRESPONDENCE QUOTE

UITERS GEHEIM

Die Sekretaris van die
Staatsveiligheidsraad
Privaatsak X284
PRETORIA
0001

RIGLYNE VIR DIE BEKAMPING VAN DIE WÊRELDWYE VELDTOG OM DIE RSA AS DIE DESTABILISEERDER VAN SUIDER-AFRIKA TE BRANDMERK : VERSLAGDOENING VIR MEI 1983 : U 22/3/2/13 VAN 30 SEPTEMBER 1982 EN 22/3/B VAN 13 OKTOBER 1982

1.0 In opvolging van my diensbrief 21/5/21 van 13 Oktober 1982, deel ek u mee dat daar, wat paragraaf 8.2 van die onderhawige strategie betref, heelwat deur hierdie Departement gedoen is om die gestelde doelwitte te bereik op die gebied van samewerking, en die uitbreiding daarvan, tussen die RSA en die TBVC-lande. Ten einde u op die hoogte te stel word verwikkelings volledig hieronder aangestip.

2.1 Gedurende die begin van 1981 is daar op bilaterale vlak deur die Minister van Mannekrag samesprekings gevoer met die Regerings van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei oor mannekragaangeleenthede en spesifiek vakbondbedrywighede en die handhawing van arbeidstabiliteit. Die aanstelling van interstaatlike mannekragkomitees tussen die Republiek van Suid-Afrika en elke staat is voorgestel met die oog op:

- die daarstelling van arbeidsooreenkomste in daardie gevalle waar sodanige ooreenkomste nie reeds bestaan nie;
- die hersiening van bestaande arbeidsooreenkomste;
- gepaste interstaatlike reëlings en optredes vir:
  - die handhawing van arbeidsvrede;
  - die werwing van arbeid;
  - die koördinering en standardisering van opleiding; en
  - optrede teen persone wat ontwettige stakings aanhits.

2.2 Voortvloeiend uit die bogemelde samesprekings, is daar bilaterale interstaatlike mannekragkomitees tot stand gebring, wat dusver soos volg vergader het:

2/...

- Transkei (3 keer)
- Bophuthatswana (1 keer)
- Venda (1 keer)
- Ciskei (2 keer)

2.3 Die Departement van Mannekrag word deur twee senior beamptes op hierdie komitees verteenwoordig en die Departement van Buitelandse Sake en Inligting, Binnelandse Aangeleenthede en Samewerking en Ontwikkeling deur een senior beampte elk.

2.4 By vergaderings in die Republiek van Suid-Afrika sit 'n beampte van die Departement van Mannekrag voor en by vergaderings in die onafhanklike state sit 'n verteenwoordiger van die betrokke staat voor.

2.5 'n Verdere uitvloeisel van genoemde samesprekings is die samestelling, op inisiatief van die Departement van Mannekrag, van 'n Interdepartementele Komitee om te besin oor voormelde omvattende arbeidsooreenkomste met die betrokke State, waar sodanige ooreenkomste destyds nie bestaan het nie, en die hersiening van bestaande ooreenkomste. Die volgende Departemente is op die Komitee verteenwoordig:

- Mannekrag
- Buitelandse Sake en Inligting
- Binnelandse Aangeleenthede
- SA Polisie
- Tak Veiligheidsbeplanning van die Kantoor van die Eerste Minister

2.5.1 Op die gebied van werkloosheidversekering, is daar met die onafhanklikwording van Transkei en Bophuthatswana met hulle onderskeie Regerings ooreenkomste aangegaan met betrekking tot die betaling van bydraes en voordele na onafhanklikwording. In alle gevalle is bydraes deur persone wat as trekwerkers of pendelaars in die Republiek van Suid-Afrika gewerk het sowel as persone wat in die betrokke State vanaf die datum van onafhanklikwording gewerk het, gestaak. In die geval van Transkei, Venda en Ciskei is daar ooreengekom dat voordele gedurende 'n tydperk van drie jaar na onafhanklikwording in daardie State betaalbaar sou wees. Daar is met die Regering van Bophuthatswana ooreengekom dat die Fonds van die Republiek van Suid-Afrika 'n geldsom aan daardie Regering sou betaal ten einde hom in staat te stel om 'n werkloosheidversekeringsfonds van sy eie in te stel vir die betaling van voordele.

2.5.2 Voornoemde reëlings het egter net 'n tydelike oplossing gebied aangesien dit duidelik was dat die middele om werkloosheidvoordele aan werkloses te betaal, na verstryking van genoemde drie jaar nog nie in Transkei, Venda en Ciskei sou bestaan

3/...

nie. Die probleem was dat daar te min bydraers in die betrokke State werksaam was met die gevolg dat die inkomste uit bydraes onvoldoende sou wees om voordele te kan betaal. Gevolglik sou die instelling van hulle eie fondse deur die drie betrokke State nie ekonomies lewensvatbaar wees nie. Die fondse sou slegs ekonomies lewensvatbaar kon wees indien die persone wat in die Republiek van Suid-Afrika kom werk het (die sogenaamde trekwerkers en pendelaars), as bydraers ingevolge die Werkloosheidversekeringswet, 1966 (RSA) beskou kon word en hulle bydraes sowel as dié van hulle werkgewers in die Republiek gevorder en aan die betrokke State oorbetaal kon word. Om dit in werking te kon stel, sou voormelde Wet egter eers paslik gewysig moes word.

2.5.3 Ten einde Transkei, Venda en Ciskei te oorreed om hulle eie werkloosheidversekeringsfondse tot stand te bring en 'n eenvormige bedeling in belang van arbeidsvrede aan hulle sowel as Bophuthatswana voor te stel, het die Minister van Mannekrag die leiers van die TBVC-lande afsonderlik soos volg in Kaapstad ontmoet:

- Ciskei: 22 Januarie 1982
- Venda: 10 Februarie 1982
- Bophuthatswana: 17 Maart 1982
- Transkei: 23 Maart 1982

Die Werkloosheidversekeringswet van die RSA is nog gedurende die 1982 Parlementsitting gewysig om dit moontlik te maak dat daar met 'n vreemde staat ooreengekom kan word dat pendelaars en trekwerkers as bydraers tot die Werkloosheidversekeringsfonds van die Republiek beskou kan word wanneer so 'n staat sy eie werkloosheidversekeringsfonds ingestel het. In so 'n geval sal die bydraes van persone wat as bydraers beskou word, sowel as dié van hulle werkgewers, deur die Fonds van die Republiek gevorder word vir oorbetaling aan die Werkloosheidversekeringsfondse van die TBVC-lande.

2.5.4 Vervolgens is 'n Spesiale Interstaatlike Komitee in die lewe geroep waar die Departement van Mannekrag die fynere detail met betrekking tot die werking van die stelsel op bilaterale vlak met verteenwoordigers van die onderskeie State uitgestryk het. Vergaderings is op die volgende datums gehou:

- Transkei op 14 September 1982 te Umtata.
- Ciskei op 29 September 1982 te King Williams Town.
- Venda op 7 Oktober 1982 in Pretoria.
- Bophuthatswana op 12 Oktober 1982 te Mmbatho.

By hierdie vergaderings is ooreengekom dat alle pendelaars en trekwerkers wat die Republiek vanuit hulle gebiede vir 'n dienstermyn binnekom, tydens hulle dienstermyn as bydraers van

4/...

die RSA Fonds beskou sal word en dat hul bydraes sowel as dié van hul werkgewers vanaf 1 Mei 1983 deur die Fonds van die RSA gevorder en aan die Fondse van die onderskeie State oorbetaal sal word. Hierdie ooreenkoms is op 15 Maart 1983 tydens 'n multilaterale vergadering met die TBVC-lande in Pretoria bekragtig waartydens daar ook besluit is dat die ooreenkomste onderteken moet word by die vergadering van die Multilaterale Ontwikkelingsraad van Ministers wat op 30 Mei 1983 gehou staan te word.

2.5.5 Die rede waarom die TBVC-lande oorreed is om hulle eie werkloosheidversekeringsfondse in die lewe te roep, is tweërlei. Eerstens kan werkloses in hierdie lande nou gedurende tydperke van tydelike werkloosheid gehelp word en tweedens is die ontevredenheid wat onder werkloses in die lande geheers het, omdat hulle in 'n slegter posisie verkeer het as voor onafhanklikheidswording, nou in 'n mate die nek ingeslaan. Die balans van die gelde wat aan die onderskeie lande oorbetaal word en wat nie vir die betaling van voordele gebruik sal word nie, kan nou ook in daardie lande belê word, wat die infrastruktuur sal bevoordeel en werkgeleenthede sal help skep.

2.5.6 Die weg is nou ook gebaan vir enige ander onafhanklike staat waarvan die werkers 'n dienstermyn in die RSA kom uitvoer (dit sluit die frontlynstate in) om 'n eie werkloosheidversekeringsfonds te stig en 'n ooreenkoms van samewerking soortgelyk aan dié van die TBVC-lande, met die RSA te sluit.

3.0 Met betrekking tot ander gebiede van samewerking, word hieronder 'n paar praktiese voorbeelde aangestip van die Departement van Mannekrag se bereidwilligheid om die TBVC-lande behulpsaam te wees waar hy kan. Die Departement het -

3.1 op versoek van die Adviseur van die President van Ciskei, twee van sy senior amptenare afgevaardig om advies te gee en hulp te verleen in verband met die funksionering van die Ciskeise Departement van Mannekragbenutting. 'n Breedvoerige verslag is deur die twee amptenare opgestel wat aan die Minister van Mannekragbenutting van Ciskei voorgelê is.

3.2 op versoek van Ciskei twee van die Departement se senior amptenare afgevaardig om tegniese hulp en advies te verleen in verband met die ontwikkeling van 'n indiensopleidingsentrum vir Ciskei wat in Mdantsane opgerig is.

3.3 amptenare van die Departement wat kundiges op die gebied van werkloosheidversekering is, na die TBVC-lande gesekondeer om behulpsaam te wees met die instelling van die betrokke State se eie Werkloosheidversekerings-

5/...

fondse en advies te gee met betrekking tot verbandhoudende aangeleenthede.

3.4 ten einde die TBVC-lande behulpsaam te wees met die opstel en indiening van hulle eie Werkloosheidversekeringswette, konsepwetsontwerpe asook konsepregulasies en verklarende memorandums vir hulle gebruik opgestel en aan hulle oorhandig.

3.5 sedert die TBVC-lande se onafhanklikwording vir alle praktiese doeleindes voortgegaan om die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941 in die belang van beroepsveiligheid in hulle gebiede toe te pas en lei die Departement kundiges van hulle gebiede op om mettertyd die funksies van die Departement se inspekteurs oor te neem.

4.0 Daar word ook op 'n deurlopende basis met die onafhanklike nasionale state op bilaterale komiteevlak samesprekings gevoer aangaande die handhawing van nywerheidsvrede in die RSA gesien in die lig van die feit dat nywerheidsvrede nie net vir Suid-Afrika nie maar ook vir die ekonomiese groei en ontwikkeling van die nasionale state van groot belang is. Vanweë die veranderde omstandighede en die ontwikkelings op arbeidsgebied in Suid-Afrika, het dit egter duidelik geword dat die Interstaatlike Arbeidsooreenkomste wat met die TBVC-lande vir die reëling van arbeidsverhoudinge aangegaan is, nie meer doelmatig is en aan die vereistes vir die reëling van sodanige verhoudinge voldoen nie maar dat dit 'n veel wyer veld behoort te dek. Die belangrikste aangeleenthede wat dusver tydens die samesprekings oorweeg is vir moontlike insluiting in nuwe interstaatlike ooreenkomste word hierna aangestip. Met die uitsondering van die Attestering van kontrakwerkers se dienskontrakte, is al die ander aangeleenthede deur die RSA-afvaardiging vir oorweging voorgelê:

4.1 Samewerking op die gebied van opleiding en heropleiding van werkers, wat onder andere die volgende insluit:

- die bepaling en handhawing van standaarde ten einde die erkenning van kwalifikasies oor grense heen te vergemaklik;
- die koördinering en standardisering van die opleiding van werkers;
- die gemeenskaplike gebruik van vaktoetssentrums soos Olifantsfontein (in genoemde verband kan gemeld word dat 751 persone van die TBVC-lande gedurende 1982 by Olifantsfontein se vaktoetssentrum getoets is);

6/...

- die oprigting en gemeenskaplike gebruik van byvoorbeeld groepopleidingsentrums vir die opleiding an werkers van die RSA en die onafhanklike State; en

  die gemeenskaplike gebruik van opleidingsadviseurs.

4.2 'n Gemeenskaplike strategie vir die handhawing van nywerheidsrus en -vrede, wat onder andere die volgende aspekte insluit:

- die daarstel van formele skakelingskanale tussen die onderskeie Regerings om onder meer voorsiening te maak vir die hantering van arbeidsgeskille, stakings en uitsluitings; en

- optrede teen persone wat stakings aanhits.

4.3 Heroorweging van die prosedure vir die attestering van dienskontrakte van kontrakwerkers van die TBVC-lande in die RSA, ten einde te bepaal dat die oorspronklike attestering in die werker se land van herkoms moet geskied en dat opvolgattesterings plaaslik gedoen mag word by die Kantoor van die Konsul-Generaal wat aangestel is vir die gebied waar die werker in diens is.

5.0 Ofskoon die Departement nog nie direk by die frontlynstate betrokke is nie, is dit nie vir die toekoms uitgesluit nie. Voorafgaande is egter bewys daarvan dat die RSA, wat hierdie Departement se werksaamhede betref, allermins besig is om as destabiliseerder in Suider-Afrika op te tree.

D.R. [signature]

M DIREKTEUR-GENERAAL : MANNEKRAG